

KAN SUID-AFRIKA SE GRAANBOERE OORSEE MEEDING?

DEUR

**DR PHILIP THEUNISSEN
COMPUTUS BESTUURSBURO**

Graanbedrywe in Suid-Afrika se winsgewendheid is tans onder groot druk. Die twee grootste graanoeste, naamlik mielies en koring, toon uit 'n boer se oogpunt vir die huidige seisoen die grootste verliese van die afgelope twintig jaar. Mielies se verlies is as gevolg van 'n baie lae prys en koring s'n as gevolg van 'n baie lae opbrengs. Die vraag is dus of Suid-Afrika se graanboere nog kompetierend is met soortgelyke boere in die vernaamste graanproduserende lande van die wêreld. Hoe vaar Suid-Afrikaanse boere in Rand-terme dus teenoor byvoorbeeld Australië, Kanada en die VSA?

Hoewel die omstandighede baie verskil, is die beraamde produksiekoste van koring en mielies in hierdie lande maklik beskikbaar. Ten spyte van bewerkingspraktyke en klimaat wat noodwendig sal verskil, kan sinvolle vergelykings tog tussen hierdie lande en plaaslike graanboere gemaak word. Vergelykende mieliesyfers verskyn dus in Tabel 1 terwyl dié van koring in Tabel 2 opgeneem is.

Met betrekking tot mielies is Suid-Afrika, soos gemeet in die Oos-Vrystaat, se opbrengs gelykstaande aan die 3.5 ton/ha van Queensland in Australië terwyl Ontario in Kanada se opbrengs 7.7 ton/ha en Iowa in die VSA se opbrengs 9 ton/ha beloop. Koring se opbrengs is die hoogste in Kanada, naamlik gemiddeld 4 ton/ha terwyl die Oos-Vrystaat se opbrengs gemiddeld maar 2 ton/ha is. Met betrekking tot opbrengs kan Suid-Afrika nog met Australië kompeteer maar beslis nie met die Noord-Amerikaanse lande nie.

Die onderlinge kostesamestelling verskil redelik van land tot land. Australië se beraamde uitgawes vir mielies is die goedkoopste terwyl die VSA s'n die hoogste is. Dieselfde tendens geld ook ten opsigte van koring. As gevolg van die groot opbrengsverkille is dit nie moontlik om die totale koste per hektaar met die Noord-Amerikaanse lande te vergelyk nie. Ten opsigte van Australië is dit egter duurder om mielies sowel as koring in Suid-Afrika te produseer.

Wanneer die vertakkingsmarge van die vier lande met mekaar vergelyk word, is Suid-Afrika teen die huidige seisoen se beraamde wins beslis die slegste af. Vir koring sou plaaslike boere volgens Figuur 1 teen 'n normale opbrengs van 2 ton/ha en die afgelope seisoen se gemiddelde prys van R1100 per ton, 'n verlies van R351 per ha realiseer terwyl die ander drie lande teen hulle heersende pryse 'n wins sal toon. In die geval van mielies stuur Suid-Afrikaanse boere in die Oos-Vrystaat op 'n verlies van R1169 per ha af terwyl Australië en Kanada redelike winste behoort te realiseer. Die VSA gaan volgens beraamings 'n verlies van R22 per ha maak (Iowa).

Met betrekking tot mielies is die Amerikaanse boer dus ook in 'n swak posisie, hoewel nie heeltemal se ver onder die gelykbreekpunt soos die Suid-Afrikaanse boer nie.

Volgens Figuur 2 is die ander drie lande se beraamde produksiekoste van koring tans baie naby of selfs 'n klein bietjie beter as die heersende pryse. Die Suid-Afrikaanse boer se heersende prys is egter aansienlik laer as die gelykbreekprys.

In die geval van mielies is die Suid-Afrikaanse boer die swakste af van die vier lande. Heersende pryse in Australië en Kanada is aansienlik hoër as hulle gelykbreekpryse. Die VSA se heersende prys is R2.00 per ton laer as die gelykbreekprys terwyl die Suid-Afrikaanse mieliesprys tans R334 per ton laer as die gelykbreekprys vir die Oos-Vrystaat is.

Die Suid-Afrikaanse graanboer is, soos gemeet aan mielies en koring, heelwat swakker af as graanboere in die vernaamste graanproduserende lande. Die pryse van hierdie twee kommoditeite is tans van so 'n aard dat die Suid-Afrikaanse boer nie met oorsese graanboere kan kompeteer nie. Die enigste troos is dat graanboere in die VSA self ook in die moeilikheid is, hoewel nie op dieselfde vlak as Suid-Afrika nie. Daar is egter ook ander faktore wat 'n land se mededingendheid beïnvloed. Die vernaamste hiervan is:

- Die grond se vrugbaarheid, waar veral die VSA en Kanada by verre meer superieur as Suid-Afrika of Australië is;
- Klimaat, gekombineer met die vrugbaarheid van die grond, waar Suid-Afrika en Australië weer eens tweede viool naas die VSA en Kanada speel;
- Water, uitgesonder van klimaat, waar die Noord-Amerikaanse lande nogmaals beter af is as die twee lande in die Suidelike halfrond;
- Die beskikbaarheid van infratruktuur waar Suid-Afrika nie op die oomblik tekort skiet nie maar tog word die VSA as die mees ontwikkelde graanproduserende land in hierdie opsig gereken;
- Die vaardigheidsvlakke van die boer self waar Suid-Afrika se boere onder moeilike toestande waarskynlik van die beste produsente is, hoewel vaardighede ten opsigte van finansiële bestuur en bemerking dalk nie op die gewenste vlak is nie;
- Die vlak van handelsbeperkings waar die Suid-Afrikaanse boer tans die minste beskerming teenoor buitelandse mededinging geniet terwyl veral die Noord-Amerikaanse lande geen steen onaangeroer laat om hulle eie boere teen mededinging van buite af te beskerm;
- Die beskikbaarheid van landbougrond wat in ander lande nie 'n probleem is nie terwyl dit in Suid-Afrika toenemend onder druk van politieke grondverdeling gaan kom;

- Die koste aan veiligheid en sekuriteit waarvan die ander drie lande se boere skaars kennis dra terwyl dit in Suid-Afrika, gemeet aan beveiligings- en versekeringskoste, 'n aansienlike uitgawe is.

Die Suid-Afrikaanse graanboer vergelyk tans nie goed met die graanboere in die vernaamste oorsese lande nie. Met betrekking tot opbrengs kon Suid-Afrika, as gevolg van klimaat, nog nooit met Noord-Amerika kompeteer nie. Dit is egter kommerwekkend dat Suid-Afrika tans uit 'n finansiële oogpunt ook nie met Australië, met wie die omstandighede redelik ooreenstem, kan kompeteer nie.

Bethlehem
Junie 2005

TABEL 1: MIELIES DROëLAND (2004/05)

Land	SA	Australië	Canada	VSA
Streek	<i>Oos-VS</i>	<i>Queensland</i>	<i>Ontario</i>	<i>Iowa</i>
<i>Wisselkoers</i>	<i>R 1.00</i>	<i>R 4.70</i>	<i>R 5.60</i>	<i>R 6.50</i>
<i>Opbrengs : (Ton/ha)</i>	3.5	3.5	7.7	9.0
<i>Prys/ton in Rand</i>	450	732	576	502
Rand per jaar per:	Hektaar	Hektaar	Hektaar	Hektaar
<i>Produkverkope</i>	1,575	2,560	4,436	4,514
BRUTO PRODUKSIEWAARDE	R 1,575	R 2,560	R 4,436	R 4,514
<i>Saad</i>	333	254	581	559
<i>Kunsmis</i>	610	414	886	1,152
<i>Onkruidbeheer</i>	178	94	346	514
<i>Plagbeheer</i>	175	0	14	0
<i>Spuitkoste - Vliegtuig</i>	0	0	0	0
<i>Stroopkoste</i>	247	320	470	366
DIREKTE UITGAWES	R 1,542	R 1,081	R 2,297	R 2,590
<i>Oesversekering</i>	57	0	138	112
<i>Vervoerkoste</i>	111	28	208	81
VERANDERLIKE UITGAWES	R 168	R 28	R 346	R 193
<i>Meganisasiekoste</i>	949	846	581	535
<i>Rente</i>	85	27	111	133
<i>Los arbeid</i>	0	0	0	435
<i>Ander uitgawes</i>	0	0	623	650
TOEGEDEELDE UITGAWES	R 1,034	R 873	R 1,315	R 1,753
TOTALE UITGAWES	R 2,744	R 1,982	R 3,958	R 4,536
VERTAKKINGSMARGE	-R 1,169	R 578	R 479	-R 22

TABEL 2: KORING DROëLAND (2004/05)

Land	SA	Australië	Canada	VSA
Streek	Oos-VS	Queensland	Alberta	Kansas
Wisselkoers	R 1.00	R 4.70	R 5.60	R 6.50
Opbrengs : (Ton/ha)	2.0	2.5	4.3	3.7
Prys/ton in Rand	1,100	495	576	824
Rand per jaar per:	Hektaar	Hektaar	Hektaar	Hektaar
Produkverkope	2,200	1,238	2,499	3,049
BRUTO PRODUKSIEWAARDE	R 2,200	R 1,238	R 2,499	R 3,049
Saad	152	122	208	173
Kunsmis	383	249	571	672
Onkruidbeheer	56	19	318	85
Plaaigbeheer	120	0	0	0
Spuitkoste - Vliegtuig	99	0	0	0
Stroopkoste	304	212	0	226
DIREKTE UITGAWES	R 1,114	R 602	R 1,097	R 1,156
Oesversekering	473	0	138	0
Vervoerkoste	64	28	100	150
VERANDERLIKE UITGAWES	R 537	R 28	R 238	R 150
Meganisasiekoste	839	553	729	1,001
Rente	61	15	28	72
Los arbeid	0	0	249	133
Ander uitgawes	0	0	138	106
TOEGEDEELDE UITGAWES	R 900	R 568	R 1,144	R 1,312
TOTALE UITGAWES	R 2,551	R 1,198	R 2,479	R 2,618
VERTAKKINGSMARGE	-R 351	R 40	R 19	R 431



